PAULUS SE BRIEF AAN DIE

# EFESIËRS

"Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig."


DIE KRAG VAN
EENHEID
EFESIËRS 4:1-16


Die ABC van
NUWE LEWE
EFESIËRS 4:17-5:2

17 Dit sê en bevestig ek dan in die Here:
Julle moenie meer soos die heidene met
hulle niksbeduidende gedagtes leef nie.

Efesiërs 4:17-5:2

1Om hierdie rede is ek, Paulus, die
gevangene van Christus Jesus, ter wille
van julle, die heidene.

Efesiërs 3:1



18 Hulle denke is verduister, hulle is
vervreem van die lewe met God, omdat
hulle onkundig is, deur die hardheid van
hulle harte. 19 Omdat hulle gevoelloos
geword het, het hulle hulleself oorgegee
aan losbandigheid, om onversadigbaar
allerhande onrein dade te pleeg.

Efesiërs 4:17-5:2

20 Maar julle het Christus nie so leer ken
nie. 21 Julle het tog van Hom gehoor, en
julle is oor Hom onderrig, volgens die
waarheid wat in Jesus is,

EFESIËRS 4:17-5:2

22 naamlik dat julle,

- wat julle vroeëre lewenswandel betref, die ou mens moet aflê, wat as gevolg van sy misleidende drange vergaan.
- 23 Julle moet eerder in die aard van julle denke vernuwe word.
- 24 Ja, trek die nuwe mens as kleed aan, wat in ware geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God geskep is.

EFESIËRS 4:17-5:2

25Daarom, vermy die leuen, en praat
elkeen die waarheid met sy naaste, want
ons is lede van een liggaam. 26Word
kwaad, maar moenie sondig nie. Laat
die son nie ondergaan oor julle woede
nie. 27Moenie vir die Duiwel plek gee nie.

Efesiërs 4:17-5:2

28 Die een wat nog steel, moet nie meer steel
nie; hy moet eerder werk deur met sy eie
hande te doen wat goed is, sodat hy iets het
om vir die behoeftige te gee. 29 Nie 'n enkele
afbrekende woord moet uit julle mond kom
nie, maar eerder 'n woord wat goed is vir
noodsaaklike opbou, sodat dit voordeel mag
bring vir diegene wat dit hoor.

EFESIËRS 4:17-5:2

30 En bedroef nie die Heilige Gees van God,
deur wie julle met die oog op die dag van
bevryding verseël is nie. 31 Laat vaar alle
bitterheid en woede en gramskap en
geskreeu en gelaster, saam met elke vorm
van kwaad. 32 Wees goedgesind teenoor
mekaar, met innige meelewing, terwyl julle
mekaar vergewe, soos God in Christus julle
ook vergewe het.

Efesiërs 4:17-5:2

1 Volg dan die voorbeeld van God as
geliefde kinders, 2 en leef in liefde, net
soos Christus ons liefgehad, en Homself
ter wille van ons oorgegee het as 'n
offergawe aan God, as 'n offerande met
'n aangename geur.

Efesiërs 4:17-5:2

Met Christus is ek gekruisig; 20ék leef nie
meer nie, maar Christus leef in my! Die lewe
wat ek nou liggaamlik leef, leef ek in geloof,
die geloof in die Seun van God, wat my
liefgehad en Homself vir my oorgegee het.

GALASIËRS 2:20


Die ABC van
Nuwe Lewe
EFESIËRS 4:17-5:2